# DIE GEMEENTE VAN SMIRNA

Smirna is tans Izmir.  Dit was omrent 40 myl noord van Efese aan die weskus van Klein Asië.

Smirna beteken "Bitterheid", want dit beteken "mirre" (Engels:  "myrrh").  Die werkwoord is "marar" wat beteken "to be bitter or strong".  Mirre was 'n spesery wat baie waardevol was.  Dit was ook 'n bestanddeel van die afgesonderde salfolie wat Moses moes maak  (Ex. 30:22 – 25) en  JaHUsha was wyn met mirre aangebied toe Hy gekruisig is  (Mark. 15:23).  Ook word lyke met mirre gebalsem (Joh. 19:39).

Mirre was dus altyd geassosieer met "bitter" omstandighede, iets wat die gemeente van Smirna goed mee bekend was.  JaHUsha bemoedig hulle omdat hy ook gemartel en gedood was, maar die dood oorwin het.

Policarpus, 'n leerling van Johannes, was in die tweede eeu 'n prominente leier in die kerk van Smirna.  Hy het as 'n martelaar gesterf op 'n brandstapel.

In sy boeke "Om die Skrif te verstaan" en "Skriflyne", som D.F. du Toit die Gemeente van Smirna se historiese agtergrond sò op:

> *"Christus sê aan die gemeente van Smirna dat, alhoewel hulle arm is in daardie ryk stad, hulle ryk is in God. Hulle ly verdrukking deur valse Jode uit die sinagoge van Satan.  Hierdie verwysing is na die groot groep kabbalistiese Jode wat die mistieke valsheid daar beoefen het.  Die Gemeente gaan 'n verdrukking van tien dae tegemoet;  waarskynlik gaan party van hulle die martelaarskroon ontvang, maar Christus beloof hulle die kroon van die lewe.  Hulle hoef nie die tweede dood te vrees nie.  Petrus, Jakobus en Paulus skryf van die kroon van die lewe wat hulle sal ontvang by die wederkoms (1 Pet 5:4; Jak 1:12; 2 Tim 4:7—8).*
>
> *Smirna/Izmir was 'n pragtige stad met 'n goeie hawe wat tans nog gebruik word en daar was tempels vir Juno en Minerva, die godinne van Rome, en 'n tempel vir die keiseraanbidders.  Later was die ketter Marcion daar aktief.  Hy was eintlik 'n ,,anti-semitis" met valse verklarings oor die Ou Testament en hy het net 'n deel van die Nuwe Testament aanvaar.  Policarpus van Smirna het hom die ,,eersgeborene van die Satan" genoem.  Policarpus was een van die kerkvaders wat in Smirna gewoon het en wat in 155 tydens die vervolging onder keiser Marcus Aurelius op die brandstapel met sy lewe moes boet en die Jode het ywerig hout aangedra vir sy teregstelling. Waarskynlik is dit die tien dae verdrukking wat aan die gemeente voorspel word.  Die stad is in 178 deur 'n aardbewing verwoes."*

Vir nog aansluitende informasie oor Smirna, sien:

- THE ASSEMBLY OF SMYRNA
- POLYCARP'S MARTYRDOM

Vir 'n boodskap van bemoediging, lees:  VERBRYSELD?  OMHELS DIE SMIRNAS IN JOU LEWE.

Kyk ook na die videos by die volgende skakels ...

- THE SEVEN ASSEMBLIES OF REVELATION - Introduction

- THE HEAD ON COLLISION OF TWO KINGDOMS

0-0-0-0-0

AndriYaH
Julie 2021